

JUTA SE
**AFRIKAANSE
TAALBOEKIES**

(PARALLEL TAALSERIE)

STANDERD III.
AFRIKAANS.

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE
UNIWEERSITEIT VAN KAAPSTAD.



JUTA EN KO., BK.,

KAAPSTAD,

PORT ELISABETH,

UITENHAGE,

JOHANNESBURG,

1923.

skb
372.6
BRO

JUTA SE
AFRIKAANSE
TAALBOEKIES

(PARALLEL TAALSERIE)


STANDERD III.

AFRIKAANS.

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE
UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.



JUTA EN KO., BK.,

KAAPSTAD.

PORT ELISABETH,

UITENHAGE.

JOHANNESBURG.

1923.



N000011608

Voorwoord.

In die bewerking van hierdie serie is getrag om die volgende beginsels toe te pas :—

1. Die onderwys in die een taal moet heeltemal afsonderlik gehou word van die onderwys in die ander taal. Die kind moet direk leer dink in die taal wat hy leer. Die vertaal-metode word dus nie gebruik nie.
2. Die korrekte taalvorm of taalgebruik is die uitgangspunt, en dien steeds as model vir die leerling. Daar word op aangedring dat hierdie modelle, wat as leesstof die eintlike oefeninge voorafgaan, deeglik studeer word, voor die leerlinge van hulle afstap.
3. Die verkeerde, die onjuiste moet sistematies vermy word. Net op die juiste taalgebruik word nadruk gelê.
4. Betekenis moet nooit aan vorm opgeoffer word nie ; onsin, gesogtheid en kunsmatigheid moet vermy word, selfs waar dit net daar om te doen is om 'n taalverskynsel te verklaar.
5. In die taalles ook moet dit moontlik gemaak word vir die kind om hom in 'n bepaalde appersepsiekring te beweeg. Hy word dus van die staan-spoor voor 'n *eenheid* geplaas, waarin en waaromheen hy hom kan oriënteer. Los sinne en toetse moet dus net *betreklik* los wees, in die sin dat hulle aansluit by die eenheid, waarin die kind hom reeds bevind,

6. 'n Sistematiese en formele studie van grammatika het, vir leerlinge op die laer skool teminste só min en só 'n twyfelagtige soort waarde, dat dit nie die moeite werd is om daar te veel drukte van te maak by die taalonderwys nie.

Die beskaafde *taalgebruik* dien as uitgangspunt en basis van ons onderwysmetode ; die *beskaafde gebruik van die taal*, in sy gesproke en geskrewe vorme, is hoofdoel van ons taalonderwys op die laer skool. Volg ons daardie metode, en bereik ons daardie doël, dan sal ons 'nie alleen die kind van 'n onontbeerlike wapenrusting voorsien het nie, maar ook in hom die kiem geplant het van 'n liefde vir wat mooi is in die boekewêreld.

Gaarne betuig ek my dank aan Mej. E. C. Laubscher van die Primêre Skool, Tokai, vir haar hulp in verband met die eerste drie boekies van hierdie serie, die leerstof waarvan sy oorspronklik ontwerp het. Die illustrasies in die eerste twee boekies is ook van haar.

H.H.B.

Kaapstad,

Februarie 1923.

1. Lees :

Die Kuil Water.

Daar onder in die laagte op Boer se plaas was 'n groot kuil water. Om die kuil het fluitjiesriet en papkuil gegroei, waarin die voëls teen reën, wind en sonhitte kom skuiling soek. Ook het Boer se vee en wild daar by die kuil kom water drink. Tingtinkie en Skeermuise het daar ook nie weggebly nie.

(Uit *Dierestories* : von Wielligh.)

2. Skrywe antwoorde op die vrae :
- (a) Wat was op Boer se plaas?
 - (b) Wat het daar gegroei?
 - (c) Watter diere het almal daar skuiling gesoek?
 - (d) Watter diere het daar kom water drink?
3. Noem die name van ses voëls wat jy goed ken.
4. Sê hoe hulle nessies en eiertjies lyk.
5. Maak sinne met: *kuil* en *kyl*, *water* en *watter*.
6. Vertel waar die naam *fluitjiesriet* vandaan kom.

1. Lees :

Die Jaargetye.

Elke jaar is verdeel in vier jaargetye : somer, herfs, winter en lente. Die somer is die tyd vir die vrugte. In die herfs val die blare van die meeste bome. In die winter is die bome kaal. As dit lente is begin die bome weer te bloei.

2. Skrywe neer die name van die jaargetye, en vertel in jou eie woorde wat in elke jaargety gebeur.
3. Noem op die name van die maande van elke jaargety.
4. Voltooi die sinne :
 - (a) Elke jaar is verdeel
 - (b) Die somer is die tyd
 - (c) In die winter is die bome
 - (d) In die lente begin die bome
5. Skrywe sinne met: *bloei*, *broei* en *jaargetye*.

1. Lees :

'n Briefie.

Stellenbosch,

1 Maart 1923.

Liewe Vader,

Ek het hier veilig aangekom. Hier is nog baie seuns in dieselfde koshuis waar ek is. Die vrugte is hier volop en goedkoop, maar die geld is skaars. Skrywe tog gou en stuur my pakkie wat daar agtergebly het. Groete aan Moeder en Miena.

Piet.

2. Skrywe hierdie briefie af.
3. Skrywe 'n antwoord op die briefie.
4. Gee nog 'n paar woorde wat op *huis* eindig.
5. Maak sinne met *koshuis*, *padkos* en *goedkoop*,
6. Noem die name van vrugte wat volop is op Stellenbosch?

1. Lees :

Sus het so te kere gegaan op die bed dat haar ma wakker geword het. „Sus, wat makeer,” vra haar ma. Sus kruip nader na haar moeder toe, gooi haar armpies om haar nek, en steek haar kop half onder die kussing in terwyl sy sê : „Og Mams, ek het vanmiddag so 'n nare ding gedroom.”

(Uit *Die Afrikaanse Kind.*)

2. Skrywe antwoorde op die vrae :

(a) Wat het sus makeer?

(b) Wat het haar ma gevra?

(c) Wat het sy toe gedoen?

3. Skrywe 'n kort droom wat jy al gehad het.

4. Maak sinne met: *armpies, kussing, wakker* en *makeer*.5. Die verkleinwoord van *arm* is *armpie*; gee die verkleinwoorde van *boom, raam, lamp*, en *oom*.

6. Maak sinne met die verkleinwoorde.

1. Lees :

Meester: Hoeveel sintuie het 'n mens?

Martie: Vyf, meneer.

Meester: Noem hulle.

Martie: Nies, hoes, gaap, huil, snik.

Meester: So, is dit al; ek dag daar is nog 'n sesde?

Martie: Ja, meneer, dit is snork.

(Uit *Die Afrikaanse Kind*.)

2. Skrywe weer die stukkie oor.

3. Beantwoord die vrae :

(a) Hoeveel sintuie het 'n mens?

(b) Wat het die kind gesê?

4. Noem die sintuie van 'n mens.

5. Maak sinne met: *snork, huil, hoes, gaap en nies*.

6. Voltooi hierdie sinne :

(a) Die meester het gevra hoeveel.....

(b) Martie antwoord toe dat.....

(c) Toe vra die meester of.....en sê
dat hy gedink.....

1. Lees :

Wat sy Gesoek het.

Daar was eenmaal 'n ou man en 'n ou vrou. Eenmôre het hulle twee stry gekry. Die ou man het hom toe voorgeneem om nie met die ou vrou weer te praat nie. Die aand het hy klaar geëet en gaan slaap. Toe die ou vrou inkom was hy nog wakker. Sy het die hele kamer deurgesnuffel, tot dit die ou man verveel het. Hy vra toe ewe ernstig: „Ou vrou, wat soek jy?” Sy sê: „My ou man, ek soek jou tong.”

2. Voltooi die sinne :

- (a) Eenmôre het hulle.....
- (b) Die aand het hy klaar geëet en.....
- (c) Toe die ou vrou inkom was hy.....

3. Skrywe antwoorde op hierdie vrae :

- (a) Wat het eenmôre gebeur?
- (b) Wat het die ou man hom voorgeneem?
- (c) Wat het hy die aand gedoen?
- (d) Wat het die ou vrou in die kamer gedoen?
- (e) Wat het die ou man gevra?
- (f) Wat het sy geantwoord?

4. Vertel die verhaaltjie nou weer oor.

5. Maak sinne met: *ernstig*, *tong*, en *verveel*.

1. Lees :

Op 'n sekere dag, toe die babetjie omtrent 'n maand oud was, kruip Elsie stillietjies na sy wiegie. Hy slaap en sy kry 'n sterk begeerte om hom op te tel en in haar arms te dra. Sy kyk skelmpies rond. Die kindermeid het uitgegaan en moeder lê en rus. Die versoeking is vir die meisie te groot ; sy leun oor die wiegie, en lig die slapende kind op in haar arms.

(Uit *Wonderstories* : Dormehl.)

2. Vertel wat Elsie graag wou gedoen het.

3. Skrywe antwoorde op hierdie sinne :

- (a) Hoe oud was die babetjie ?
- (b) Wat was die naam van die meisie ?
- (c) Wat het die babetjie gemaak ?
- (d) Waar was haar kindermeid en haar ma ?

4. Skrywe sinne met : *wiegie, kindermeid, leun* en *skelmpies*.5. Gee nog drie ander woorde wat met *kinder-* begin.

1. Lees :

Duifie en Jakkals.

„Duifie, jy en jou man is regtig mooi en skoon ; daarom verbeel ek my, dat julle kindertjies net so mooi moet lyk. Ek sal hul graag van naby wil bekyk, gooi een af, dat ek kyk, hoe mooi hy is.”

(Uit *Dierestories* : von Wielligh.)

2. Skrywe die stukkie weer oor.
3. Vertel hoe 'n duif se kinders lyk as hulle klein is.
4. Antwoord die vrae :
 - (a) Wat wou jakkals van duifie hê ?
 - (b) Hoe het hy met duifie gepraat ?
 - (c) Wat wou hy regtig doen as duifie een afgooi ?
5. Hoe en waar bou 'n wilde duifie haar nessesie ?
6. Noem die name van drie soorte wilde duiwe op.
7. Hoeveel eiers lê 'n duif ?

1. Lees :

Die Fiskaal.

Borshemp wit met gitswart klere
 Is my sober drag.
 Want ek moet ageer as laksman,
 En ek ken die slag.

In die bosse, aan die drade,
 Hang my offers gou ;
 En vir hulle dood ontydig
 Loop ek in die rou.

Voëltjies klein, met muise, ruspers,
 Soms 'n akkedis,
 Hang daar in die wind te droë]
 Tot hul biltong is.
 (Uit „*Vir die Kinders*” : C. Hofmeyr.)

2. Lees die versies goed en vertel in jou eie woorde hoe 'n laksman lyk.
3. Wat beteken : *ontydige dood ; in die rou ; hy ageer as laksman ?*
4. Noem op wat die fiskaal vang, en sê wat hy daarmee maak.
5. Watter ander voël lewe ook van muise en klein voëltjies ?
6. (a) Wat is 'n ander naam vir die fiskaal ?
 (b) Waar hang hy sy offers op ?
7. Maak sinne met : *offers, biltong, sober en gitswart.*

1. Lees :

Versigtig.

— —

Stoffel bring sy vrind 'n besoek. Toe hy naby die huis kom, blaf die groot hond geweldig. Stoffel was 'n bietjie bang en vra sy vrind om die hond weg te roep.

Maar sy vrind antwoord : „Stoffel man, jy ken die spreekwoord, ,Honde wat blaf byt nooit nie.’”

„Ja,” sê Stoffel, „ek en jy ken die spreekwoord, maar ken die hond dit?”

(Uit *Die Afrikaanse Kind.*)

2. Skrywe hierdie verhaaltjie af.
3. Vertel hierdie verhaaljie soos Stoffel dit sou doen.
4. Voltooi hierdie sinne :
 - (a) Stoffel vra sy vrind
 - (b) Sy vrind sê dat honde
5. 'n Hond blaf, watter geluid maak 'n muis, 'n skaap, 'n eend, 'n padda.
6. Druk anders uit :
 - (a) Stoffel bring sy vrind 'n besoek.
 - (b) Die groot hond blaf geweldig.

1. Lees :

'n Pappegaai.

Eens was daar 'n man met 'n pappegaai. Hy wou die pappegaai leer praat, maar die ding wou nie praat nie. Die man pak die pappegaai toe by sy keel en sê : „ Sê oom ! ” Maar hy wou dit nie sê nie. Toe druk die man hom tot hy byna dood was, en toe sê hy, „ Oom.”

Op 'n sekere dag het die pappegaai 'n hen met 'n klomp kuikens gekry. Hy pak toe die kuikens een vir een by die keel en sê : „ Sê oom ! ” Maar geen van die kuikens was in staat om dit te sê nie ; en so het hy al die kuikens doodgedruk.

(Uit *Die Afrikaanse Kind.*)

2. Vertel hierdie storie in jou eie woorde.
3. Vertel die storie soos die man dit sou doen.
4. Voltooi hierdie sinne :
 - (a) Die man wou die pappegaai
 - (b) Hy het hom byna doodgedruk voor hy
 - (c) Hy pak die kuikens by die keel en sê
5. Die meervoud van *kuiken* is *kuikens*. Gee die meervoud van *hoender*, *man*, *meisie*, *tafel*, *arm* en *leeu*.

1. Lees :

Onskuldige Lekkergoed.

Pa : „Jy eet te veel lekkergoed ; dis geen wonder dat jy tandpyn kry nie.”

Koos (bedroef) : „Pa, dit kan tog nie die lekkergoed wees nie ; ek eet dit met all my tande en daar is maar een tand seer.”

2. Vertel die storie in jou eie woorde.
3. Vertel dit soos Pa dit sou vertel het.
4. Gee nog woorde met *goed* as agtervoegsel.
5. Voltooi die sinne :
 - (a) Pa het aan Koos gesê
 - (b) Koos se antwoord was dat
6. Maak sinne met die woorde : *lekkergoed* en *tandpyn*.
7. As jou tand seer is het jy tandpyn. Wat sê jy as jou oor, *kop*, *maag* en *rug* seer is.

1. Lees :

Die Son.

Wie kondig aan die tyd van werk,
 Wie maak die sieke fris en sterk,
 Wie draai die wiel van sorg om ?
 Die son, wat uit die ooste kom.

Wie laat die werksman dink aan huis,
 Wie red hom van sy daaglikse kruis,
 Wie sus die ganse groot heelal ?
 Die son wat in die weste val.

2. Skrywe die versies af.
3. Vertel waar die som opkom en waar dit ondergaan.
4. Wat beteken *die wiel van sorg*; *ons daaglikse kruis*; *die heelal*.
5. Skrywe antwoorde op hierdie vrae :
- (a) Wanneer kondig die son die tyd van werk aan ?
- (b) Wanneer weer die tyd van rus ?
- (c) Wanneer dink die werksman aan sy huis ?
6. Noem die name van die vier windstreke.

1. Lees :

Wie is die Domste ?

Eendag kom twee van Johannesburg se meisies op 'n boereplaas kuier. Die twee meisies het in die dorp grootgeword, en niks geweet van die plaaslewe nie. Die aand toe die ou oom gaan melk, stap die twee ook saam om te sien hoe gemelk word. Toe hulle daar by die kraal staan, vra die een : „Maar watter beeste gee dan die karringmelk ? ” „ Is jy dan mal, ” sê die andereen, „ bokke gee mos karringmelk. ”

2. Vertel die storie in jou eie woorde.
3. Vertel dit soos een van die meisies dit sou vertel het.
4. Voltooi die sinne :
 - (a) Die een vra vir die ander watter
 - (b) Die ander een antwoord dat
5. Druk anders uit :
 - (a) Die twee meisies het op die dorp grootgeword.
 - (b) Hulle was nie aan die plaaslewe gewoond nie.
6. Skrywe sinne met :

kuier, dametjies, en boereplaas.

1. Lees :

Die Bobbejane en die See.

Daar was eendag 'n paar bobbejane en hulle wou weet hoe die see lyk. Toe loop hulle en loop totdat hulle by 'n groot dam kom, en daar het 'n ou man gestaan. Hulle vra vir die ou man of dit die see is. Toe sê die ou man nee. Hulle loop baie ver, en kom by die see. Toe steek die een bobbejaan sy poot in die see, en 'n groot krap byt kom toe aan sy toon. Hy skree toe : „Ai, maar die see kielie 'n mens darem lekker né !”

2. Vertel die storie in jou eie woorde.

3. Vertel dit soos een van die bobbejane dit sou vertel.

4. Voltooi hierdie sinne :

(a) Die bobbejane vra vir die ou man of

(b) Die man sê dat

(c) Hulle kom by die see, en een steek sy poot in die water toe

(d) Hy skree toe en sê dat

5. (a) Een *poot* maar twee *pote*.(b) Een *toon* maar twee(c) Een *oor* maar twee(d) Een *been* maar twee(e) Een *steen* maar twee

1. Lees :

Jakkals fop vir Kraai.

(I.)

Kraai steel eendag 'n groot stuk kaas, en vlie daarmee na 'n boom, om dit daar lekker op te eet.

Maar Jakkals het hom gesien, en was ook baie lus vir die kaas. Hy stap toe nader en sê : „Jy is tog 'n mooi voël ; kyk hoe blink jou swart vere. Jou stem is seker ook so mooi ; sing tog asseblief vir my ; toe tog, jou stem is seker baie soet.”

2. Skrywe bostaande stukkie af.
3. Antwoord hierdie vrae :
 - (a) Wie het 'n stuk kaas gesteel ?
 - (b) Wie het vir Kraai gesien ?
 - (c) Waar het Kraai gaan sit ?
 - (d) Wat het Jakkals toe gedoen ?
4. Voltooi : Jakkals sê toe dat kraai tog
en hy vra vir kraai om tog asseblief
5. Skrywe sinne met : *vlieër ; opgeëet, lekkers, boompie.*
6. Wat beteken hierdie uitdrukking : Jakkals het vir kraai gevlei met mooi woorde.

1. Lees :

Jakkals fop vir Kraai.

—
(II.)
—

Kraai was maar onnosel, en laat hom verlei deur die vleitaal van Jakkals. Hy verbeel hom dat alles waar is wat Jakkals sê. Hy kyk na sy swart vere, en wil toe ook sy stem laat hoor. Maar toe hy sy bek oopmaak val die stuk kaas op die grond. Jakkals raap dit vinnig op, en laat vat. Te laat sien Kraai dat die vleier hom gekul het.

2. Skrywe bostaande stukkie af.
3. Vertel die hele verhaaltjie in jou eie woorde.
4. Vertel die verhaal soos Jakkals dit sou doen.
5. Skrywe sinne met : *vleier, vlieër, toemaak, waarheid.*
6. Druk anders uit :
 - (a) Kraai was onnosel.
 - (b) Jakkals het laat vat.
 - (c) Kraai was gekul.
 - (d) Jakkals het vir kraai gefop.

1. Lees :

Konyntjies.

In gate en gange
 diep onder die grond,
 Daar woon die konyntjies
 Tevree en gesond.

En is dit heel rustig
 En stil om hul heen,
 Dan kom hulle vrolik
 In klompies byeen.

(Uit *Die Afrikanerkind*, Std. III.)

2. Skrywe die versies af.
3. Antwoord die vrae :
 - (a) Waar woon die konyntjies ?
 - (b) Wanneer kom hulle byeen ?
 - (c) Watter ander diertjie lyk soos 'n konyntjie ?
4. Skrywe iets omtrent konyntjies wat jy al gesien het.
5. Maak sinne met : *konyntjie*, *hasie*, *dassie*, en *mierkat*.
6. Maak 'n storiëtjie van die woorde : *seuntjie*, *geweer*, *veld*, *konyntjie*, *mak*, *hokkie*.

1. Lees :

Hans was 'n slim seun. Hy kon goed leer, en daarom het sy pa hom na die skool op die dorp gestuur. Want 'n boer wou Hans nie word nie. Daar het hy geen sin in gehad nie. Toe hy agtien jaar oud was, besluit hy om nog verder te leer, en dokter of predikant te word. Dit het sy pa goed gevind, want hy was baie groots op so 'n knap seun.

(Uit *Die Afrikanerkind*, St. III.)

2. Antwoord die vrae :

- (a) Watter soort seun was Hans ?
- (b) Hoekom was sy pa groots op hom ?
- (c) Wat wou Hans nie word nie ?
- (d) Wat wou hy graag word.

3. 'n Man wat preek is 'n predikant.
 Wat is 'n man wat onderwys gee ?
 'n Man wat klere maak ?
 'n Man wat skoene maak ?
 'n Man wat tuinmaak ?

4. Druk anders uit :

- (a) Hans was 'n slim seun.
- (b) Daar het hy geen sin in gehad nie.
- (c) Hy was groots op so 'n knap seun.

5. Hans wou graag dokter of predikant word. Sê wat jy graag wil word en waarom ?

1. Lees :

Die meid van die huis, as sy 'n bord of iets gebreek het, was altyd klaar met haar onskuldige ekskuus : „Dit was gekraak ; dit was gekraak.”

Op 'n sekere dag val klein Jannie van 'n trap af. In jammerte roep sy mammie : „Ag Jannie, het jy tog nie jou koppie seergemaak nie ? ” Jannie staan op, voel sy kop so 'n bietjie en sê : „Dis niks Mammie ; hy was gekraak.”

2. Vertel die storietjie oor in jou eie woorde.

3. Antwoord die vrae :

- (a) Wat het die meid altyd gesê as sy 'n bord breek ?
- (b) Wat het eendag met Jannie gebeur ?
- (c) Wat het sy mammie hom gevra ?
- (d) Wat het hy geantwoord ?

4. Voltooi die sinne :

- (a) Op 'n sekere dag val Jannie
- (b) In jammerte roep sy mammie
- (c) „Dis niks Mammie”

1. Lees :

Kuikentjies.

Liewe kleine kuikentjies
 Wanneer word jul groot?
 Wil jul met my saamgaan
 Of sit op my skoot?

Het jul in die dop gewoon?
 Sê hoe lyk dit daar!
 Ma sê ek is ook 'n kuikentjie
 En ek vra jul maar.

(Uit *Kinderversies*, J. Lub.)

2. Skrywe die versies af.
3. Voltooi die lyntjies :
- (a) Liewe kleine kuikentjies wanneer
- (b) Ma sê ek is , en ik jul
 maar?
4. 'n Klein kuiken noem ons 'n kuikentjie. Sê hoe
 ons 'n klein haan, hen, en lam noem.
5. Hoe noem ons die ma van 'n kuikentjie, 'n kalfie,
 'n varkie en 'n vulletjie.
6. Skrywe vyf sinnetjies omtrent 'n kuikentjie.

1. Lees :

Ryk Tulbagh.

Daar is baie manne in ons geskiedenis op wie ons trots kan wees, en een van hulle is seker die goewerneur, Ryk Tulbagh. Hy was eintlik nie 'n held soos Woltemade nie, en ons kan nie sê dat hy dieselfde werk gedoen het wat Jan van Riebeeck of Simon van der Stel gedoen het nie. Maar nogtans moet ons altyd sy naam eer, want hy was 'n voorbeeld wat elke Afrikanerkind kan volg.

(Uit *Die Huisgenoot.*)

2. Skrywe bostaande stukkie af.
3. Vertel iets van Woltemade.
4. Antwoord die vrae :—
 - (a) Watter dorpie heet na Ryk Tulbagh.
 - (b) Watter een na Jan van Riebeeck?
5. As ons van meer as een man praat sê ons *manne*.
Wat sê ons as ons van meer as een *pan, kan, lamp, tent, kat* en *hond* praat.

1. Lees :

Leeu en die snaakse Hasie.

Leeu was vrinde met 'n snaakse hasie. Eendag vra Hasie vir hom : „Is dit waar dat jy bang word as 'n haan kraai ? ”

„Ja,” antwoord Leeu, „ons groot diere het ook ons swakhede : Olifant skrik weer as 'n vark snork.”

„O so,” antwoord Hasie, „nou weet ek ook waarom ons so bang is vir die honde.”

2. Skrywe hierdie verhaaltjie af.

3. Vertel die verhaaltjie soos Leeu dit sou doen.

4. Voltooi hierdie sinne :

(a) Hasie vra vir Leeu of dit

(b) Leeu antwoord dat groot

(c) Hasie sê dat hy

5. 'n Haan *kraai*, 'n vark *snork*. Watter geluid maak 'n *hen*, 'n *perd*, 'n *kat*, 'n *hond*, 'n *leeu*, 'n *koei*, 'n *bòk*, 'n *pad*, 'n *kriek* ?

6. Wat beteken hierdie uitdrukkings :

(a) Leeu en Hasie is goeievrinde.

(b) Wolf was kwaaivrinde met Jakkals.

(c) Vark ja vir Olifant 'n skrik op die lyf.

1. Lees :

Jakkals en die ou Duif.

'n Ou duif sit eendag rustig in 'n boom, toe Jakkals daar verbyloop en hom sien.

„Goeie môre, my liewe vrind,” sê Jakkals ; „jy weet tog dat daar nou vrede is onder al die diere. Kom af, sodat ek jou om die nek kan vat en soen.”

Die ou duif kyk toe na die huis en sê : „Dis goeie nuus. Daar kom ons drie honde aan ; jy kan hulle dan ook omhels.”

Maar Jakkals laat vat toe dadelik en sê : „Ek sal liever later weer kom ; miskien weet julle honde nog nie van die vrede nie.”

2. Vertel hierdie storie in jou eie woorde.
3. Laat die ou duif die storie vertel.
4. Voltooi hierdie sinne :
 - (a) Jakkals sê toe dat daar en vra die duif om
 - (b) Die duif antwoord dat
5. Druk anders uit : (a) Die duif sit rustig. (b) Jakkals wil die duif omhels. (c) Daar is vrede onder die diere.
6. Een *duif* maar twee *duiwe*.
 Een *wolf* maar twee
 Een *golf* maar twee
 Soek meer woorde van dieselfde soort.

1. Lees :

'n Briefie.

Springbokvlei,
Saterdag.

Liewe Vader,

Ek het laat gisteraand hier aangekom, want my fiets het langs die pad gebreek—gelukkig naby Oom Hendrik. Ek het die boodskap aan Boet Koos gegee. Hy sê hy sal Dinsdag begin skeer, en so gou as moontlik die wol dorp-toe stuur.

Ek stuur hierdie briefie met Mnr. Foster saam. Dis lekker hier op die plaas, en Boet Koos hou aan ek moet bly tot Maandagmôre.

Groete aan Mammie en Sussie,

Willem.

2. Skrywe hiêrdie brief af.
3. Wat het Willem op die plaas gaan doen ?
Waarmee het hy gery ?
Wat het langs die pad gebeur ?
Waarom bly Willem op die plaas tot Maandag ?
Wie is Boet Koos en wat doen hy ?
4. Vertel wat in Willem se briefie staan.
5. Skrywe 'n briefie aan jou ma of pa, waarin jy vra of jy 'n sekere boek mag koop.
6. Skrywe 'n briefie aan 'n vrind, waarin jy vertel dat dit baie gereën het.

1. Lees :

Albei Gekul.

Twee seuntjies kry eendag 'n okkerneut. „Dis myne,” sê die een, „want ek het dit eerste gesien.” „Nee, dis myne,” sê die ander, „want ek het dit opgetel.”

Na hulle 'n tydjie gestry het, kom daar 'n man verby. Hy neem toe die okkerneut, breek dit middeldeur, en sê : „Hierdie dop behoort aan die een, wat die okkerneut eerste gesien het ; die ander aan die een, wat dit opgetel het. Die kos hou ek vir my moeite.”

2. Skrywe hierdie storie af, en vertel dit dan in jou eie woorde.
3. Vertel die storie soos een van die seuns dit sou vertel.
4. Voltooi hierdie sinne :
 - (a) Die een seun sê dat die
 - (b) Die ander antwoord dat dit
 - (c) Die man sê toe dat die een dop
5. Skrywe sinne met : *oopbreek, optel, aftel, dwarsdeur*.
6. 'n Klein *seun* is 'n *seuntjie*.
 'n Klein *dogter* is
 'n Klein *broer* is
 'n Klein *suster* is
 'n Klein *lepel* is

1. Lees :

Sinderella trek die Skoentjie aan.

Toe Sinderella in die paleis van die koning kom, lag al die ander meisies lekker, want haar klere was baie vuil en stukkend. Maar toe die goue skoentjie oor haar voet glip, lag hulle niks meer nie. Al die mense was verwonderd, en die prins ook. Maar toe hy weer na Sinderella kyk, sien hy dat sy waarlik die mooi meisie is, met wie hy gedans het.

2. Skrywe hierdie stukkie af, en vertel dit dan oor in jou eie woorde.
3. Laat Sinderella dit vertel : „Toe ek in die paleis . . .”
4. Wie woon in 'n paleis ?
Waarom het die meisies gelag ?
Wanneer het hulle nie meer gelag nie ?
Wat het die prins toe gesien ?
5. Skrywe sinne met : *goud, glipperig, koninklik, koningin, skoemaker.*
6. Vertel die hele Sinderella-storie.

1. Lees :

Die Haarskeerder.

„'n Haarskeerder steek nie,” sê ek. „Hy het geen angel soos 'n skerpioen of 'n perdeby nie. Hy kan maar net byt.”

„En byt hy dood, Oom ? ” vra Pierewiet.

„As jy gesond is, dan sal die byt baie brand, maar jy sal nie doodgaan nie. As jy swak en siek is, dan sal jy miskien doodgaan as 'n haarskeerder jou byt.”

(Uit *Praatjies met die Kinders* : C. L. Leipoldt.)

2. Skrywe bostaande gesprek af, en vertel dan wat jy afgeskrywe het.
3. Voltooi hierdie sinne :
 - (a) Ek sê dat 'n haarskeerder ; dat hy geen ; en dat hy maar
 - (b) Pierewiet vra toe of
 - (c) Ek sê toe dat as hy ; maar as hy swak
4. Skrywe sinne met : *branderig, siekerig, sieklik, doodsteek.*
5. Wat beteken hierdie uitdrukkinge :
 - (a) Sy maters is dood.
 - (b) My gesondheid is swak.

1. Lees :

Sy eie Skuld.

'n Boer kom eendag by die predikant om 'n emmer koring te leen.

„Goed,” sê die leraar ; „hier is die sleutel van die solder ; gaan maar self haal asseblief.”

Maar die boer kom gou weer terug, en sê dat daar geen koring op die solder is nie.

„Dit is jou skuld,” antwoord die dominee, „want as jy die koring teruggebring het, wat jy verlede jaar geleen het, dan sou daar nou nog gewees het.”

2. Skrywe hierdie storie korrek af.

3. Beantwoord die volgende vrae :

(a) Wat wou die boer hê ?

(b) Wat het die dominee geantwoord ?

(c) Wat het toe gebeur ?

(d) Wat het die leraar gesê ?

4. Vertel die storie soos die boer dit sou doen.

5. Skrywe sinne met : *preek, spreker, sluit, leun, leuen, skuldig.*

6. *Verlede* jaar is die jaar wat verby is. Hoe heet die jaar wat kom ?

7. Voltooi hierdie sinne :

(a) Die dominee gee hom die sleutel en sê dat

.....

(b) Die boer kom terug en sê : „Meneer,”

(c) Eindelik sê die predikant dat as die boer

.....

1. Lees :

Emma se Vlinder.

Klein Emma is verdrietig,
 Klein Emma voel nou sleg ;
 Haar boeties wil nie speel nie,
 En Sussie is ook weg.

Daar is nou niks te doen nie,
 Daar's niemand om te pla ;
 Sy sal maar na die tuin gaan
 Om vlindertjies te ja.

(Uit *Liefdeskransie* : Sarah Goldblatt.)

2. Skrywe hierdie versies af.
3. Vertel wat Emma makeer, en wat sy in die tuin gaan doen.
4. Skrywe antwoorde op hierdie vrae :
 - (a) Hoe voel Emma vandag ?
 - (b) Wat wil haar boeties nie doen nie ?
 - (c) Waar is haar sussie ?
 - (d) Waarheen wil Emma gaan ?
 - (e) Wat wil sy daar doen ?
5. Watter ander naam het ons vir 'n vlinder ?
6. Vertel hoe 'n vlinder lyk.
7. Skrywe sinne met : *slegte, spelerig, speelgoed, iemand, blomtuin.*
8. Lees die hele gediggie, *Emma se Vlinder*, in *Liefdeskransie*, bladsy 46.

1. Lees :

As daar skepe in die baai aankom, was dit die gewoonte van die regering om dit dadelik aan die burgers te laat weet. Dan kon hulle hul produkte na die Kaap bring. Die Kompanjie koop dan van die burgers wat hulle nodig het, en die orige kon die burgers aan die skepe verkoop, gewoonlik teen goeie pryse.

(Uit Darter se *Geskiedenis van S.A.* : W. Fouché.)

2. Skrywe bostaande stukkie af.

3. Van watter baai word hier gepraat ?

Wat het die regering aan die burgers laat weet ?

Wat doen die burgers as hulle so 'n tyding kry ?

Wie koop die burgers se produkte ?

4. Voltooi :

Eén skip — twee skepe.

Een stad — twee

Een lid — twee

5. Skrywe sinne met : *gewoond, onnodig, aankoms, verkoper.*6. Ons sê : Die man is *goed* ; dit is 'n *goeie* man.
Skrywe ook sinne met : *wyd* en *wye* ; *breed* en *breë* ; *oud* en *ou* ; *koud* en *koue*.

1. Lees :

Hy het Geslaap.

'n Boer klop eenmôre baie vroeg by sy buurman aan :

„Wie is daar ? ”

„Ek, jou buurman. Wat maak jy ? ”

„Ek slaap.”

„Dit spyt my. As jy nie geslaap het nie, wou ek jou wa vra om te leen ; maar ek sal aanstonds weer kom.”

2. Skrywe hierdie verhaaltjie af.

3. Vertel die verhaaltjie soos die boer dit sou doen.

4. Voltooi hierdie sinne :

(a) Die baas van die huis vra wie

(b) Die boer antwoord dat . . . en vra wat

(c) Die baas van die huis sê toe dat

(d) Die antwoord van die boer was dat

5. Skrywe sinne met *waens*, *nôiens* en *bure*.

6. Druk anders uit :

(a) Dit spyt my.

(b) Ek sal aanstonds kom.

7. Wat beteken hierdie uitdrukkings :—

(i) Jan het vir Piet in die wedstryd geklop.

(ii) Seuns word soms geklop.

(iii) Spyt kom altyd te laat.

(iv) Jy slaap te laat.

(v) Jy's laat.

1. Lees :

Krokodil en Leeu.

1.

Ewe manhaftig stap Leeu agter Krokodil aan na die water, en toe hy daar kom lê Krokodil halflyf uit die water langs die kant en sê : „ Toe, durf sit jou bek aan die water ! Toe, probeer net effentjies, en jy sal die gevolge moet staan.”

2. Skrywe hierdie stukkies af, en vertel dan in jou eie woorde wat jy geskrywe het.
3. Waarheen het Krokodil gestap ?
Wie het agter hom geloop ?
Wat het Krokodil toe gesê ?
4. Voltooi hierdie sin : Krokodil sê vir Leeu dat as hy net effentjies
5. Druk anders uit :
 - (a) Leeu het manhaftig gestap.
 - (b) Krokodil lê halflyf in die water.
 - (c) Leeu moes die gevolge staan.
 - (d) Sit nie jou mond daaraan nie.
6. Skrywe sinne met : *mond, bek ; voet, poot ; eet, vreet.*
7. Wat beteken *manhaftig*. Ken jy nog ander woorde met die agtervoegsel *-haftig* ?
8. Vertel hoe 'n krokodil lyk.

1. Lees :

Krokodil en Leeu.

(II.)

Leeu toon dat hy baas is en begin te drink. Klaps ! het Krokodil hom aan die voorpoort, en sleep hom in die diep water. Daar het hulle tot amper versuip toe rondgespook, tot Krokodil vir Leeu los en sê : „Toe loop nou, en vertel die ander diere jy is nie meer alleen koning nie. Moenie vergeet om daarby te sê, dat jy vandag jou Moses gekry het, en dat jy die dood met jou oë gesien het nie.”

(Uit *Dierestories* : G. R. von Wielligh.)

2. Skrywe bostaande stukkie af.
3. Wat het Leeu begin doen ?
Wat het Krokodil daarop gedoen ?
Wat het amper gebeur in die water ?
4. Vertel die hele storie van Krokodil en Leeu.
5. Voltooi : Krokodil sê toe aan Leeu dat hy.....
en aan die ander..... ; hy moct
ook nie.....
6. Druk anders uit :
 - (a) Die twee diere het rondgespook.
 - (b) Leeu het sy Moses gekry.
 - (c) Hy het die dood met sy oë gesien.
7. Skrywe sinne met : *verdrink, versuip, drink, swip, dood, vrek.*

1. Lees :

Dirkie Uys.

Outa Galant skink die koffie in, en Dirk neem vir die brandwag ook 'n koppie.

„So Dirkie, is dit jy? Gaan sê asseblief vir jou pa, dat die brandwag wat gisteraand uit is, nog nie teruggekome het nie, en ek word al onrustig.”

Dirk draai dadelik om en hardloop tent-toe om die boodskap aan sy pa, Kommandant Piet Uys, te gee.

(Uit *Die Afrikaanse Kind.*)

2. Skrywe bostaande stukkie af.
3. Wat het Galant gedoen?
Vir wie het Dirk ook koffie gegee?
Wat het die skildwag vir hom gesê?
Wat het Dirk toe gedoen?
4. Vertel wat jy weet van Dirkie Uys, en van die lewe in 'n laer van die Voortrekkers.
5. Wat is 'n *brandwag* en 'n *kommandant*?
6. Skrywe sinne met : *skool-toe, huis-toe, dorp-toe*
'n koppie koffie, 'n koffiekoppie.
7. Wat is die verskil tussen (1) Jy moet hardloop en (2) Jy moet hard loop?
8. Druk anders uit :
(a) Dirk het die boodskap aan sy pa gegee.
(b) Die brandwag was onrustig.
9. Vertel iets van 'n Outa wat jy ken.

1. Lees :

Nie te Slim nie.

„Dis tog wonderlik,” sê Hans, „hoe die geleerde mense alles weet; hulle kan selfs sê, wanneer daar sons- en maansverduistering sal wees.”

„Dit is nie so danig slim nie,” antwoord Willem, „want dit staan tog elke keer in die almanak.”

2. Skrywe hierdie verhaaltjie af.

3. Voltooi hierdie sinne :

(a) Hans sê dat dit tog.....

(b) Maar Willem antwoord dat.....

4. Vertel die grappie soos Hans dit sou doen.

5. Beantwoord hierdie vrae :

(a) Wat het Hans gesê?

(b) Wat is 'n geleerde mens?

(c) Wat het Willem geantwoord?

(d) Waarom is sy antwoord dom?

6. Vertel wat jy weet van sons- of maansverduistering.

7. Skrywe sinne met : *geleer, tweekeer, sonsondergang, duisternis.*

1. Lees :

Die Uitspraak.

Die koei van die magistraat het dié van 'n boer gestoot. Die boer bring toe sy klagte voor die magistraat en sê :

„My koei het Meneer s'n doodgestoot ; wat is ek skuldig ? ”

„Jy gee my 'n ander koei, en betaal £5 boete,” was die antwoord.

„Nee, Meneer,” sê die boer toe, „ek het my verspreek ; Meneer se koei het myne gedood ; maar ek is tevrede as Meneer my net 'n ander koei gee.”

„O nee,” was die antwoord, „jou koei moes padgegee het.”

2. Wat het met die boer se koei gebeur ?
Wat het hy vir die magistraat gesê ?
Vertel die storie verder.
3. Skrywe bostaande verhaal af.
4. Vertel die storie soos die boer dit sou doen.
5. Voltooi hierdie sinne :
- (a) Die boer het gekla dat
- (b) Die uitspraak van die magistraat was dat
- (c) Maar die boer sê toe dat
- (d) Die magistraat antwoord dat

1. Lees :

Klaarmaak vir die Fees.

Die meide sleep takke bymekaar. Dit was 'n loop en draf sonder end. Daar sou 'n fees wees. Die beeste word geslag. Bier word in groot potte aangedra. 'n Groot vuur word aangesteek, en nie te lank nie of die teruggekeerde barbare sit met baie ander om die vuur. Die een vertel sy heldedade aan die ander. Letelle sit ook daarby.

(Uit *Grensboere* : T. Blok.)

2. Skrywe hierdie stukkie af, en vorm 'n duidelike voorstelling van wat elke sin sê, en ook van die hele toneel.
3. Beantwoord hierdie vrae :
 - (a) Wie het takke bymekaar gesleep ?
 - (b) Wat word daar geslag ?
 - (c) Waar sit die Kaffirs ?
 - (d) Wat beteken al die rumoer ?
 - (e) Vanwaar kom die Kaffirs terug ?
4. Die woord *heldedaad* is *saamgestel* uit twee woorde : *held* en *daad*. Vorm ook sulke woorde van *prent* en *boek* ; *hond* en *hok* ; *sioen* en *winkel* ; *woord* en *boek* ; *dier* en *tuin*. Gebruik die saamgestelde woorde in sinne.

1. Lees :

Asemhaal.

Haal asem deur jou neus, nie deur jou mond nie. Hou jou mond toe, tensy jy eet of praat. As jy deur jou neus asemhaal, dan word die lug wat jy inasem, gesuiwer en warmgemaak, voordat dit in jou longe kom. As jy deur jou mond asemhaal, dan kry jou longe stof en koue lug.

(Uit *Skoolgesondheid* : C. L. Leipoldt.)

2. Skrywe bostaande stukkie af.
3. Beantwoord hierdie vrae :
 - Waardeer moet 'n mens asemhaal?
 - Wanneer moet jy jou mond oopmaak?
 - Waarom moet 'n mens deur die neus asemhaal?
 - Wat gebeur as jy deur jou mond asemhaal?
4. Vertel in jou eie woorde hoe 'n mens moet asemhaal, en waarom dit juis so moet gedoen word.
5. Skrywe die name van ander *ingewande* van die mens behalwe die *longe*.
6. Skrywe sinne met : *praterig, mondig, lugtig, suiwer, stowwe, stowwerig, kouerig*.

1. Lees :

Swem.

Leer om te swem, en swem so dikwels as jy kan. As jy nie in die water kan swem nie, probeer dan om in die lug te swem. Maak dieselfde beweginge, en hou jou mond toe. Haal diep en langsaam asem, as jy die beweginge met die arms maak, en laat jou asem stadig uit.

(Uit *Skoolgesondheid* : C. L. Leipoldt.)

2. Skrywe bostaande stukkie af, en vertel dan wat jy afgeskrywe het.
3. Beantwoord hierdie vrae :
 - Wat moet jy leer doen?
 - Hoe moet jy in die lug swem?
 - Hoe moet jy jou mond hou?
 - Hoe moet jy asemhaal?
4. Skrywe sinne met : *leer, léer, lēer ; lig, lug.*
5. Druk anders uit :
 - (a) Die arm man het gister hulp ontvang.
 - (b) Die arme soldaat is baie moeg.
 - (c) Ek kan nie my voet beweeg nie.
 - (d) Die osse stap langsaam.